

## Gereformeerde Kerk Bellville – 4 Junie 2017 – Aand

**Sing vooraf staande:** Psalm 16:4, 5 (p. 62)

- 4 'n Yd'le vrees beklem my nou nie meer: / ek stel die HEER gedurig my voor oë.  
My hart is bly, en juigend meld my eer: / "Sy regterhand sal nooit my val gedoë."  
Ook sal my vlees, as hier my stryd gestry is, / nog veilig woon, omdat die HEER naby is.
- 5 U sal my siel nie oorgee in die dood, / my pad buig op langs skone heuwelrye.  
U sal nie toelaat dat u gunsgenoot / verderwing sien in donker doodsvalleie.  
By U is ewig vreugde<sup>en</sup> volle vrede, / en in u hand 'n snoer van lieflikhede.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 92:1, 2 (p. 466)

- 1 Wie sou die HEER nie prys nie, / as weer met nuwe gloed / 'n rusdag ons begroet?  
Wie Hom nie dank bewys nie / in stille môrewagte, / as ons sy guns omring?  
Wie vir sy trou nie sing / 'n loflied in die nagte?
- 2 Wie sou die troue HEER nie – / Hom wat sy gunste<sup>en</sup> ons bied – / met hooggestemde lied  
by harp- en luitspel eer nie? / Hy maak weer los my bande, / Hy maak my tong weer vry;  
ek roem sy dade bly, / die werke van sy hande.

Gebed

Skrifberyming 5-2:6, 7 (Sb 7)

- 6 Uit druk en strafgerig bevry, / merk niemand dit met medely  
dat Hy van mense weggestoot / en prysgegee is aan die dood.  
My volk se sonde het op Hom / as sware smartplaag neergekom,  
en hul het Hom 'n grafstee by / die goddelose toeberei.
- 7 En Hy, van aardse goed ontbloot, / was by 'n ryke in sy dood;  
want Hy 't geen onreg ooit gedaan, / geen leu'n het uit sy mond gegaan.  
Dit het die Here self behaag / Hom te verbrysel. Toe sy plaag  
die diepste lydensgrond genaak, / het God sy kneg doodkrank gemaak.

**Skriflesing:** Johannes 10:1-21; Markus 15:33-47;  
Heidelbergse Kategismus, Sondag 16:40-42

**Kernvers:** Johannes 10:17-18; Markus 15:44-45

**Daarom het die Vader My lief, omdat Ek my lewe aflê om dit weer te neem. Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit Myself af. Ek het mag om dit af te lê en Ek het mag om dit weer te neem. Hierdie gebod het Ek van my Vader ontvang. (Johannes 10:17-18 AFR53)**

**En Pilatus was verwonderd dat Hy al dood was, en hy het die hoofman oor honderd geroep en hom gevra of Hy al lank dood was. En toe hy dit van die hoofman oor honderd verneem het, het hy die liggaam aan Josef geskenk. (Markus 15:44-45 AFR53)**

**Heidelbergse Kategismus**

**Vraag 40: Waarom was dit noodsaaklik dat Christus Hom tot in die dood verneder het?**

**Antwoord:** Weens die geregtigheid en waarheid van God (a) kon nie anders as deur die dood van die Seun van God vir ons sondes betaal word nie (b).

(a) Gen 2:17. (b) Rom 8:3, 4; Heb 2:14, 15.

### **Vraag 41: Waarom is Hy begrawe?**

Antwoord: Om daarmee die versekering te gee dat Hy werklik gesterf het (a).

(a) Hand 13:29; Matt 27:59, 60; Luk 23:53; Joh 19:38.

### **Vraag 42: As Christus dan vir ons gesterf het, waarom moet ons ook nog sterwe?**

Antwoord: Ons dood is nie 'n betaling vir ons sondes nie (a), maar slegs 'n afsterwe van die sondes en 'n deurgang tot die ewige lewe (b).

(a) Mark 8:37; Ps 49:5. (b) Fil 1:23; Joh 5:24; Rom 7:24.

**Tema:** Jesus het sy lewe afgelê om vir gelowiges die verskrikking van die dood weg te neem

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, in vanaand se gesprek tussen die vraagsteller en die gelowige gaan dit steeds oor die werk wat Christus in sy vernedering gedoen het as Verlosser van mense. In die Twaalf Artikels begin die lyn van vernedering by die menswording van die Seun van God. Daaroor bely ons in Sondag 14. In die afgelope drie gesprekke aan die hand van Sondag 15 was die volgende temas aan die orde: Christus het gely, Hy is veroordeel en uiteindelik is Hy as 'n vervloekte behandel.

In verlede week se gesprek het ons gehoor hoe die gelowige die betekenis van die kruis aan die vraagsteller duidelik gemaak het. Deurdat Christus gekruisig is, het Hy inderdaad die vervloeking wat op die gelowiges gerus het op Homself geneem. God die Vader het self bepaal dat elkeen wat aan 'n hout opgehang word deur Hom vervloek is. So het die Jode dan ook vir Jesus beskou – Hy is deur God vervloek omdat Hy aan 'n kruis gehang het. Om hierdie rede, onder andere, bly die kruis vir baie Jode nog 'n struikelblok. Die Heilige Gees het dit nog nie vir hulle gegee om te begryp dat Jesus in die plek van mense deur sy Vader as 'n vervloekte behandel is nie. Salig is elkeen vir wie die Heilige Gees hierdie insig al gegee het.

Tot dusver het dit vir die vraagsteller duidelik geword wat Christus se vernedering behels het. Oor die lyding van Christus waarvan hy tot hier geleer het, kan hy verstaan dat dit verskriklik is. Dit is alreeds 'n erge vernedering dat Hy as 'n vervloekte behandel is en die afgrysligheid van die kruis moes beleef het. En eie aan die ongelowige mens wonder die vraagsteller hardop of die lyding wat Christus tot aan die kruis al moes deurmaak nie genoegsaam was vir die verlossing van mense nie. Daarom vra hy aan die begin van vanaand se gesprek: **Waarom was dit noodsaaklik dat Christus Hom tot in die dood verneder het?**

In 'n mate kan 'n mens hierdie gewonder van die vraagsteller begryp. Vir iemand wat nog nie 'n vasstaande kennis van God het nie, bly dit moeilik om in te sien hoekom Christus Homself tot in die dood toe moes verneder. Dit is mos deesdae die argument van baie mense – hulle wil nie 'n God dien wat sy Seun vir sonde laas laat sterf het nie, want in hulle oë is Hy 'n wrede God. Maar hulle vergeet of wil nie besef dat Hy die heilige en regverdige God is nie.

Daarom antwoord die gelowige die vraagsteller se vraag soos volg: **Weens die geregtigheid en waarheid van God kon nie anders as deur die dood van die Seun van God vir ons sondes betaal word nie.**

Aangaande hierdie eerste vraag is daar drie dinge wat opgemerk moet word. In die eerste plek moet 'n mens let op hoe die vraag gevra word. Uit die vraag word dit duidelik dat

niemand vir Christus verneder het nie. Hy het Homself verneder. En wanneer Hy uiteinde-lik aan die kruis sterf, gebeur dit nie omdat Hy doodgemaak is nie. Christus het self ge-sterf, want as Seun van God het Hy volle beheer oor wat met Hom in sy vernedering gebeur – selfs oor die tydstip wanneer Hy sterf. Geen ander mens het hierdie beheer oor homself wanneer hy sy laaste asem sal uitblaas nie.

Uit Jesus se eie woorde in Johannes 10 hoor ons van die beheer wat Hy oor sy dood het. Jesus sê:

**Daarom het die Vader My lief, omdat Ek my lewe aflê om dit weer te neem. Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit Myself af.**

(Johannes 10:17-18a AFR53)

Jesus het nie aan die kruis gesterf omdat Hy weens alles wat met Hom gebeur het so onmagtig geword het dat Hy nie anders kon as om te sterf nie. Hy het self sy lewe afgelê. Ons hoor dit ook in die beskrywing wat Lukas gee van die sterwe van Jesus. Voordat Jesus sy laaste asem aan die kruis uitgeblaas het, het Hy met 'n harde stem uitgeroep:

**Vader, in u hande gee Ek my gees oor!** (Lukas 23:46 AFR53)

Enige ander mens sou na alles wat Jesus deurgemaak het miskien nog hard kon kreun. Jesus as die Seun van God het egter in sy sterwensuur die krag om met 'n harde stem helder en duidelik sy besluit uit te roep:

**Vader, in u hande gee Ek my gees oor!** (Lukas 23:46 AFR53)

In die tweede en derde plek moet daar op twee besondere woorde in die antwoord van die gelowige gelet word. God se geregtigheid en waarheid het geëis dat net met die dood van sy Seun vir die mense se sondes betaal kan word. Dit is immers waarna Jesus verwys wanneer in Johannes 10 sê:

**Hierdie gebod het Ek van my Vader ontvang.** (Johannes 10:18c AFR53)

God se gebod is altyd reg en waar. Aan Adam het die Here gesê dat hy nie van die vrugte van die boom in die middel van die tuin moet eet nie – dat wanneer hy wel van daardie boom se vrugte eet, sal hy sterf. Die Here het dus 'n duidelik en verstaanbare waarskuwing aan Adam gegee. Ons eerste ouers het hulle egter deur begeertes wat die duiwel in hulle wakker gemaak het laat meesleep. Hulle het van die verbode vrugte geëet en hulleself en al hulle nakomelinge in die verderf gestort. Omdat almal in Adam gesondig het, het die dood tot alle mense deurgedring.

Indien God sou besluit om alle mense in die verderf te los en hulle almal uiteindelik vir ewig te veroordeel, sou Hy reg en billik opgetree het. Hy het gesê dat die loon op die sonde die dood is. As Hy dan al die mense tot die ewige dood veroordeel het, sou Hy regverdig gehandel het. Sonde is immers opstand teen die allerhoogste majesteit van God – om die waarheid te sê, dit is verraad teen God, hoogverraad. En so 'n oortreding teen God kan net regverdig met die ewige straf na liggaam en siel gestraf word.

Dit is egter nie net God se geregtigheid wat vereis dat Christus Homself tot in die dood verneder nie. God se waarheid eis dit ook. Daarmee word bedoel dat God die beloftes wat Hy gemaak het waar maak. Net nadat die verskriklike opstand in die tuin van Eden plaasgevind het, maak God die belofte dat Hy die mens deur die nageslag van die vrou sal verlos van die sonde sowel as van die dood as straf op die dood (Gen 3:15).

Hierdie belofte het God nie net een keer gemaak nie. Die hele Ou Testament versprei die heerlike geur van hierdie belofte. Een van die duidelikste versekerings van hierdie belofte is die bevel wat God gee aangaande die paaslam wat geslag moes word. Tussen die

daling van die son in die namiddag en die duisternis van die aand moes die paaslam geslag word. Die bloed van die lam aan die deurkossy is die enigste beskerming wat Israel teen die dood gehad het. Christus het hierdie belofte van sy Vader volmaak vervul. Presies op die tydstip wanneer die paaslam geslag moes word, het Christus sy gees aan sy Vader oorgegee en sy laaste asem uitgeblaas. God se belofte van verlossing het in Christus se vernedering tot in die dood waar geword.

Van die begin af is die betaling vir die sonde vasgestel deur God. Die dood is die enigste en volledige betaling vir sondeskuld. Dus moet die mens self vir hierdie skuld betaal met sy eie lewe. En dit beteken dat die mens vir ewig hierdie straf sal moet dra aan liggaam en siel. Maar in sy groot genade skenk God die enigste alternatief – sy Seun Christus. Jesus Christus het Homself as Verlosser en Middelaar tussen God en die mens kom stel. En die straf wat regtens op die mens moes afkom vir die sonde het Christus in die plek van mense ondergaan. Net deur sy dood aan die kruis kom daar volledige betaling vir die sondeskuld van die mens. Daarom moes Christus Homself tot in die dood verneder. Wie dus in die geloof sy toevlug tot Christus neem om die betaling wat Hy gedoen het deur die geloof te ontvang, word vrygespreek van hierdie ewige straf na liggaam en siel.

Goed, sê die vraagsteller, Christus moes dus sterf om mense te verlos. Almal daar by die kruis kon tog sien dat Jesus reeds dood was aan die kruis. Die soldaat het dan selfs met sy spies in Jesus se sy gesteek en toe die bloed en water uit die wond vloei, het hy geweet dat Jesus dood was. Die offisier het ook aan Pilatus getuig dat Jesus al 'n geruime tyd dood was toe Josef en Nikodemus Jesus se liggaam by Pilatus gevra het. Daar was dus meer as genoeg getuies dat Jesus werklik gesterf het. Waarom is Hy dan ook nog begrawe?

Die gelowige antwoord: ***Om daarmee die versekering te gee dat Hy werklik gesterf het.*** Dink net daaraan, as Jesus nog dieselfde dag waarop Hy sy lewe afgelê het weer sy lewe opgeneem het, sou daar enigsins volkome sekerheid wees oor sy dood? Dan sou die kettters wat sê dat Jesus net 'n skyndood gesterf het gronde gehad het vir hulle dwaling. Maar nou was Christus begrawe, sodat nie net die getuies van die wat Hom dood aan die kruis gesien het nie, maar ook die getuies van Josef en Nikodemus sowel as die vroue wat gesien het waar Hy begrawe is vir ewig staande kan bly.

Maar daar is nog meer aan die begrafnis van Christus. Christus se begrafnis is ook die vervulling van die Skrif soos deur Jesaja geprofeteer:

**En hulle het Hom sy graf by die goddelose gegee; en by 'n ryke was Hy in sy dood.** (Jesaja 53:9a AFR53)

Die Jode het nie verwag dat Jesus begrawe sou word nie. Daarom het hulle eers die volgende dag Pilatus versoek om wagte by die graf te plaas sodat niemand Jesus se liggaam sou wegvat en beweer dat Hy opgestaan het nie. Die Romeine het ook nie die gebruik gehad om so sagkens met kruiselingte te werk nie. Hulle het gewoonlik die bene van die gekruisigde gebreek, sodat sy dood verhaas kan word. Maar die breek van die bene het ook 'n ander doel gehad. Dit het gewoonlik gekeer dat die volksgenote die gekruisigde van die kruis sou afhaal. Al sou die gekruisigde nog lewe en kon herstel van sy beserings, sal hy altyd 'n afhanklike gebly het.

Wie weet wat het die Romeine in elk geval gedoen met die ander twee wat saam met Jesus gekruisig is? Na alle waarskynlikheid is hulle lewend of dood van die kruis afgehaal en êrens buite die stad in 'n kloof gegooi waar die vuilgoed weggegooi is. In Israel is so iets 'n eselsbegraving genoem (Jer 22:19). Kragtens die profesie van Jesaja is dit so 'n begrafnis wat die Jode Jesus sou toegewens het – 'n graf by die goddelose.

Maar God het dit anders beskik. Hy het dit in Josef en Nikodemus – twee gesiene manne – se hart gelê om Jesus 'n behoorlike begrafnis te gee vir sover die tyd hulle toegelaat het. Nadat hulle goedkeuring van Pilatus ontvang het, het hulle aalwyn en mirre gemeng en Jesus se liggaam daarmee behandel. Daarna het hulle Hom met doeke toegedraai soos die gebruik was om te doen met gestorwenes. Al die werk wat Josef en Nikodemus met Jesus se liggaam gedoen het en die uiteindelijke begrafnis wat deur verskeie vroue aanskou is, maak die getuienis onteenseglik waar – Jesus het werklik gesterf vir die sondes van mense.

Die tyd gaan die vraagsteller toelaat om net nog een vraag vanaand te vra: As jy dan as gelowige deur die dood van Christus die versekering het dat Christus in jou plek die straf op jou sonde gedra het, waarom gebeur dit dat gelowiges ook nog sterf? Is hulle dood dan ook nog 'n betaling of 'n gedeeltelike betaling van hulle sondeskuld?

Die gelowige maak somer aan die begin van sy antwoord die evangeliese waarheid duidelik. Die gelowige se dood is hoegenaamd nie 'n betaling vir sy sonde nie. Indien dit die geval was, sou die dood vir die gelowige een van die skrikwekkendste dinge wees wat met hom kan gebeur. Die enigste betaling vir die sonde is die ewige straf na liggaam en siel. Dit beteken dat die gelowige dan vir ewig sal moet betaal aan sy sonde. Verder sou dit ook beteken het dat Christus se koms as Middelaar en Verlosser net mooi niks sou beteken het nie.

Buitendien straf God die sonde net een keer volledig aan 'n mens. Aangesien die gelowige deur die ware geloof in Christus ingelyf is, maak die Heilige Gees Christus se betaling vir die sonde aan die kruis dan ook die gelowige se betaling. En in die doop beeld Hy dit ook vir die gelowige af. Deur die doop word die gelowige in Christus se dood begrawe. Wanneer die gelowige van harte glo dat Christus in sy plek gesterf het, is die straf op die sonde eens en vir altyd deur Christus klaar betaal.

Aangesien die dood vir die gelowige nie meer 'n betaling vir sy sonde is nie, het die karakter van die dood nou vir die gelowige verander. Dit is nou vir die gelowige 'n afsterwe van die sonde en 'n deurgang tot die ewige lewe. Wanneer die gelowige sterf, kan hy nie meer sonde doen nie en het hy ook nie meer 'n sondige geaardheid nie. In plaas van dat die dood vir die gelowige skrikwekkend is, word die dood 'n dienskneg. Die gelowige los sy sonde en sondige aard by sy dood agter.

En alhoewel die gelowige se liggaam hier op aarde agterbly, verhuis sy siel oombliklik na die Here toe. En wat sy siel betref beleef die gelowige die ewige lewe in die teenwoordigheid van Christus en die Vader al voluit. Dit is hierdie sekere wete dat hy by die Here sal wees na sy dood wat gemaak het dat Paulus nie geweet het wat hy moet kies nie – om te bly lewe of om te sterwe (Fil 1:22-23). Om by die Here te wees is immers verreweg die beste.

Hiervoor kan elke ware gelowige die Here alleenlik loof en prys. Christus het Homself tot in die dood verneder en Hy is in 'n graf neergelê sodat sy Vader sy gebed kan verhoor. Christus het gevra dat elkeen wat die Vader aan Hom gegee het by Hom sal wees, sodat hulle sy heerlikheid kan sien en God kan verheerlik. Deur die dood van elke gelowige verhoor die Vader telkens daardie gebed van sy Seun.

**Amen!**

Slotgebed

### Skrifberyming 3-4:1, 2, 3, 4

- 1 U, Christus, is my lewe, / die sterwe wins vir my.  
In lewe en in sterwe / is ek aan U gewy.
- 2 As ek nog hier moet lewe, / beteken dit vir my  
dat ek vir die gemeente / nog langer diensbaar bly.
- 3 Maar as ek nou moet sterwe / om by die Heer te wees –  
Ook dít is my verlange, / ook dáártoe dring my gees.
- 4 Ek word van beide kante / gedring, ek kan nie kies –  
in Hom is dood of lewe / vir my nie 'n verlies.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
4 Junie 2017